
# SEBASTIAAN

## se Rivier Avontuur



MyStories
jou eie avontuur

# SEBASTIAAN

## se Rivier Avontuur

Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Ronel Watkins
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

MS13665-03

Sebastiaan sit kruisbeen in sy boomhuis, hoog bo ’n rivier. Hy vou papierbootjies. Bootjies wat vinniger as die wind op die stroom sal vaar.





Maar ... wat hoor hy daar?
Dis ’n vreemde stem wat hy nie ken nie.

**“O TOGGIE, TOGGIE!”**

kla die stem.

Sebastiaan loer by die boomhuis se deur uit.

Onder hom dryf ’n otter op sy rug.
Hy hou sy pensie met sy voorpote vas en wieg heen en weer.

# “WAT IS FOUT?”

roep Sebastiaan.



Die otter kyk op.

“Die rivier het ophou vloei en die visse en goggas is bang en kruip weg.
Ek het dae laas geëet, my pensie pyn van die honger!”

Sowaar, Otter is reg, die rivier het gaan staan.
Maar hoekom? Hoe het dit gebeur?
Sebastiaan kyk rond. Op ’n tak bo sy kop sit ’n visarend.



# “VISAREND!”

roep Sebastiaan.

“Jou oë is mos skerp en mis niks. Kan jy hoog vlieg en kyk waarom die rivier nie meer vloei nie?”

Visarend klap sy vlerke en vlieg op en op, tot hy net ’n spikkel is.

Meteens duik hy af ondertoe, maak ’n draai en vlieg terug.



“’n Groot boomstomp blokkeer die water,” vertel hy.

“Die water dam daaragter op.”



Sebastiaan klouter dadelik met die touleer af ondertoe en Otter swem kant toe.



Hulle hardloop al met die oewer langs tot by 'n smal deel
van die rivier waar die stomp dwars lê.

"Mmm ..." sê Sebastiaan en vryf sy ken. "Wat nou?"
Hy kyk rond en tel 'n stewige stok op.
"Dalk kan ons die stomp hiermee wegrol."




Saam druk Sebastiaan en Otter die stok onder die stomp in en leun met hulle volle gewig daarop.

Maar nee, die stomp beweeg nie. "Druk harder!" sê Sebastiaan.
Hulle probeer weer en ...



Sebastiaan en Otter gryp mekaar styf vas en spring terug.

"Ot-Otter... s-sien jy wat ek sien?" klappertand Sebastiaan.

**SJOEF! KAPLONS!**

Die stomp bewe en brom skielik!

**"JAAA!"** roep Otter benoud. "Dis nie 'n stomp nie ... dis ... dis ...

# “’N KROKODIL!”

Sebastiaan spring nog ’n tree terug
en sleep vir Otter saam met hom.



Net betyds. Want Krokodil se kake **KLAP KLAP** toe!




Sebastiaan wil weghardloop.
Terug na die boomhuis waar
dit veilig is. Ver van die krokodil en
haar skerp tande af, maar ...

**GROMME-ROM-ROM!**

Sebastiaan kyk na Otter.
“Otter, is dit jou maag?”

“Jaaa, ek is BAIE honger!”



Sebastiaan besef hy kan nie weghardloop nie, hy moet 'n beter plan maak. Hy trek sy asem diep in en gee 'n tree vorentoe.

"Waarom blokkeer jy die rivier, Krokodil?" vra hy met 'n dapper stem, hoewel sy hele lyf bewe.

"Kyk!" Krokodil maak haar bek wawyd oop. Rye skerp geel-wit tande blink in die sonlig, en dit laat Sebastiaan se maag draai. Maar een tand, reg in die middel, is rooi en geswel.



"Ek het vreeslik tandpyn!" brom Krokodil.

"En niemand wil my help nie. Almal is te bang. Ek weet nie meer wat om te doen nie, so toe besluit ek om die rivier te blokkeer tot iemand my help."

**KLAP-KLAP!**

slaan haar kake weer toe.





Sebastiaan krap sy kop. Hy wil die krokodil help, maar hy wil darem ook nie in haar pens beland nie.

“Hoe nou gemaak?” vra hy hardop.
“Ek kan help!” roep Visarend.
“Hoe?” vra Otter.

Almal dink ... en dink ...

Toe kry Sebastiaan ’n idee.

“Ek weet! Visarend, jy kan Krokodil se neus met ’n veer kielie! Otter, jy moet ’n stok in Krokodil se oop bek sit wanneer sy begin lag! Dan sal ek kyk wat haar tand makeer.”



Sebastiaan bewe by die gedagte, maar hy móét dit net doen, al is hy ook hóé bang.



Visarend vlieg op, duik af en kielie Krokodil se neus met 'n veer.
Krokodil giggel en lag met 'n wydoop bek.

Soos blits, druk Otter 'n stok tussen
haar kake in en Sebastiaan loer na binne.

**"A-HA!** Daar sit 'n visgraat
tussen jou tande vas," rapporteer hy.

Hy wikkel die visgraat los en pluk dit uit.
Otter trek die stok uit en hulle altwee
spring blitsig agtertoe.

Net betyds.
Krokodil se kake slaan toe.



Vir 'n oomblik is alles baie, baie stil.

Krokodil beweeg nie. Maar wat rol daar oor haar skubberige wang? Sebastiaan en Otter kyk bekommerd na mekaar.

**"KROK-KROKODIL?"**

hakkel Sebastiaan. "Het ons jou seergemaak?"

Krokodil glimlag. "Nee! Glad nie! Dis 'n gelukkige traan, dis al" juig sy. Krokodil klap haar stert en swem weg.





Sebastiaan stamp aan Otter.

**"KYK!**

Die rivier vloei weer!"



Otter duik dadelik in op soek na ’n vis of dalk ’n gogga, en Sebastiaan draf terug na die boomhuis toe. Dis tyd vir die pappierboot resies.

**“Kom julle!”**

roep hy oor sy skouer.
Hy gaan haal die papierbootjies en draf tot by die wegspringplek.

Maar wie kom so **KLAP-KLAP** terug geswem?


**“Krokodil?”**

roep Sebastiaan uit. “Wil jy ook deelneem?”

“Nie vandag nie,” antwoord sy, “ek het eintlik net kom dankie sê. My tand voel baie beter!”

“Sjoe... Goed so,” sê Sebastiaan en blaas sy asem uit. “As jy wil, kan jy in die water bly en kyk watter bootjie eerste oor die wenstreep vaar.”

Al die deelnemers gaan staan op die oewer met
hulle papierbootjies voor hulle.



**“OP JULLE MERKE ...**


**GEREED ...**

**LAAT GAAN!”**



Net toe kom die wind op en die bootjies hop
oor die water wat wild om hulle spat.

Hulle vang die stroom en seil weg.
Nou is die een voor en dan weer ’n ander.



**“JOEGOE!”** juig Otter.
“Ons rivier vloei weer sterk. Die visse is uit en
Sebastiaan is die braafste seun wat ek ken!”

Sebastiaan se hart word warm. “Dankie, Otter, maar ons het dit saam
gedoen. Ons is’n uitstekende span.”

Otter vee ’n traan oor sy wang weg.



“En nou?” vra Sebastiaan

“Net ’n gelukkige traan, dis al,” snuif Otter.




Almal lag, ook Krokodil.

Blinkoog kyk Sebastiaan en sy nuwe maats hoe die bootjies nader aan die wenstreep vaar, vinniger en vinniger op die rug van die kabbelende water.




Die Einde

# Vou jou eie papierbootjie...





MyStories
jou eie avontuur

Wanneer die rivier skielik ophou vloei, gaan Sebastiaan, Otter en Visarend op 'n dapper speurtog om uit te vind hoekom.

Hulle ontdek iets wat hulle glad nie verwag het nie … en dit gaan baie moed vat om die probleem op te los!

'n Opwindende avontuur vol vriendskap, spanwerk en 'n papierbootresies.

**www.mystories.co.za**